Laerskool Montagu se weeklikse nuusbrief
montagu.prim@wcgschools.gov.za
www.laerskoolmontagu.net
023 614 1640

# MONTIENUUS

28 Augustus 2024
OB 31

Beste Ouers

Augustus is die maand waarin kultuuraangeleenthede baie aandag kry. Verlede week se 2 kooroptredes was uitsonderlik. Dié van u wat Woensdag se optredes saam met die Rhodes University Chamber Choir en Zolani Youth Choir bygewoon het, sal weet dat hierdie 'n besondere voorreg vir ons koorlede was. Ons wens ook die kore sterkte toe vir hul optrede môre-aand, by die Hoërskool Montagu Koorfees.

Hierdie week is die laaste van ons wintersport. Baie dankie aan elke ouer wat ons gehelp het met afrigting tydens die wintersport. U ken die gesigte wat getrou oefeninge en wedstryde bygewoon het. Hul toewyding, passie en positiewe manier waarop hulle die spelers afgerig het, word baie beslis baie waardeer. Dankie ook aan ons personeel, vir 'n besige seisoen agter die rug, waarin u ons leerders gehelp het om hul vaardighede te ontwikkel. U toewyding word ook baie hoog geag.

Ons het verlede Saterdag ook 'n heerlike uitstappie onderneem met die o. 13-spanne na Kaapstad Stadion. Dankie aan elkeen wat help organiseer en bydraes gegee het om dit 'n genotvolle dag vir ons almal te maak.

Ek is vanaf 1 – 4 September by 'n skoolhoofdesimposium en me. Marga den Engelsman sal waarneem as skoolhoof. Indien daar enige navrae is, kan u asb. die kantoor kontak wat die navraag sal verwys. Epos: montagu.prim@wcgschools.gov.za of telefonies by 023 614 1640.

Alles van die beste vir die week.

Vriendelike groete

Jan Krüger
**Skoolhoof**

d6 Connect
https://connect.d6.co.za/

Geborg deur:
SPAR MONTAGU
volg ons op sparmontagu
023 614 3080

# BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| Woensdag, 28 Aug | Hokkie-afsluiting teen ouers |
| Donderdag, 29 Aug | 7's Rugby o.13 (Laerskool Robertson)<br>HS Montagu Koorfees<br>Wintersport laaste oefeninge |
| Vrydag, 30 Aug | Entrepreneurs: Prefekte<br>GF boeke huis toe |
| Saterdag, 31 Aug | Ashton Pikkiedag (Rugby en netbal: o. 7 – o. 9) |
| Dinsdag, 3 Sep | Somersport begin |
| Vrydag, 6 Sep | Loslitdag<br>Entrepreneurs: Gr. 2H |

# RATEM EISTEDDFOD

Die volgende leerders het privaat ingeskryf vir Ratem Eisteddfod en uitstekend presteer. Baie geluk Monties en ook aan jul afrigter, me Retha Pool.

<u>Mari du Plessis</u>
Gedig – 88%

<u>Luan Koekemoer</u>
Gedig – 91%
Monoloog – 96%

<u>Olivia Alston</u>
Prosa – 89%

*Bogenoemde leerders moet asb. hul sertifikate vir me. Victor stuur, sodat dit op die onderskeie Erkenningsaande uitgedeel kan word.*

# CIVVIE-DAG – 30 AUGUSTUS

# UITSLAE: SPORT VS WAKKERSTROOM-WES (22 AUG 2024)

## NETBAL

| Span | Uitslag | Speler van die wedstryd |
|---|---|---|
| o. 10A | 6-11 | Layla Moses |
| o. 11A | 6-2 | Amy Fluks, Caelee Farao |
| o. 12A | 17-2 | Devoney Hugo, Shenay Makok |
| o. 13A | 19-3 | Confidence Ramabulana |

## RUGBY

| Span | Uitslag | Speler van die wedstryd |
|---|---|---|
| o. 11A | 10-0 | André Bosman |
| o. 13A | 19-12 | Jenö Jacobs, Wian Joubert<br>Rikus van der Walt, Ross Moses<br>Christiaan van Eeden, Ruben van Niekerk |

# O. 13 NETBAL, HOKKIE, RUGBYAFSLUITING

**Op Saterdag, 24 Augustus 2024 het 'n groot groep Monties gaan rugby kyk in die Kaapstad Stadion. Dit was die wedstryd tussen die WP en die Sharks. Ons het dit baie geniet!**

## Spanne vir Ashton Pikkiedag 31 Augustus 2024

**Rugby: o. 7A+B, o. 8A+B, o. 9A+B**

**Netbal: o. 7A+B, o. 8A+B, o. 9A+B**

## MONTIE BURGERS!

**13 September 2024**

Moenie jou Montie Burger misloop nie!

Bestel voor Vrydag, 6 September

**Burger + Coke = R50**

## KOORFEES

## BAIE DANKIE

**Baie dankie aan die volgende ouers wat deur die seisoen gehelp het met afrigting van netbal, hokkie en rugby:**

**Netbal:**
o. 7: Corli Sadie
o. 9: Antoinette van der Walt
o. 11: Francelle Bussell
o. 13: Kim van Deventer

**Hokkie:**
Carla Joubert
Salomé Burger

**Rugby**
o. 9: Anton Rautenbach
o. 11: Jacques Stemmet
o. 13: Robbie McAlpine

## LOSLIT DAG 2024

**KAARTJIES BESKIKBAAR BY KANTOOR**